Dienelkander

Nuusbrief van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom-Oos

WhatsApp: 067 713 2332 **Webblad:** www.oosdoppers.co.za
Facebook: www.facebook.com/oosdoppers **Erediens videobank:** http://ow.ly/ivfZ309vsdc
Intydse erediensuitsendings op YouTube by: Oos-Doppers Potch

27 Maart 2022

09:30 OGGENDEREDIENS: Ds. Piet

(Ter wille van die skoolvakansie neem ons so kort onderbreking van ons preekreeks uit Hebreërs)

Midde in die stryd van ons daaglikse lewe vergeet ons soms wie ons regtig is. Die wêreld en sy dinge kan ons so laat vasval in ons denke en ons onkant vang dat ons soms ons Goddelike identiteit vergeet. Die verlies van hierdie kosbare identiteit het baie slegte gevolge vir ons lewe en kan ons selfs koers laat verloor en die ware betekenis van ons lewe beroof.

Die Here kom herinner ons vanmore weer aan die wonderlike en unieke Goddelike identiteit wat ons in Hom het, sodat ons weer koers kan vat op die regte pad van die geloof.

Tema: Ons is God se "eie" volk - die groot troos in ons lewe.

Lofsang voor die diens
Ps. 100-1: 1, 2, 3; Ps. 23-4: 1, 2, 3

Ontmoetingsdiens
Intreelied: Ps. 125-1: 1, 2, 4 (Mel van Sb. 18-6); Votum; Seëngroet; Loflied: Ps. 107– 1 : 1, 3, 4 en 10; Geloofsbelydenis: HK Sondag 1;

Verootmoedigingsdiens
Die Wet uit Eks 20; Sing Lied 334: 1, 2, 3, 4; Gebed

Woorddiens
Skriflesing: Titus 2 : 1 – 15;
Teksvers vir die prediking: Titus 2 : 14;
Belydenis: Heidelbergse Kategismus Sondag 1; Woordverkondiging

Antwoorddiens
Gebed; Liefdegawes vandag vir die Diakonie (groot boks) en Teologiese studentekas (klein boks); Sing: Ps. 34–1: 1, 2 en 4; Seën; Amenlied: Sb 13-2.

KLEINGROEP BEDIENINGE VANMIDDAG EN VANAAND

MEELEWING

- Deon Truter het Woensdag 'n groot hartaaromleidingsoperasie in Klerksdorp ondergaan nadat ondersoeke aangetoon het dat belangrike are heeltemal verkalk het en hulle dit nie met 'n angiogram kon herstel nie. Hy sterk mooi aan na die operasie.

- Dries Schutte (Wilgeboom) word steeds in Huis Eikelaan versorg na sy lewerversaking en dit gaan nie goed met hom nie. Hy ervaar baie pyn en ongemak.
- Vicky Viviers se eerste oogoperasie het goed afgeloop en as alles goed vorder moet sy nog twee operasies ondergaan om haar sig te verbeter.
- Die operasie aan Annette Coetsee se ooglid het ook goed afgeloop en hulle wag nou die uitslag van die toetse af.

Ons bid al hierdie lidmate troos en beterskap toe in hierdie beproewings.

ONS VRA VOORBIDDING VIR DIE VOLGENDE LIDMATE WAT SUKKEL MET SIEKTE OF SWAK GESONDHEID

Isak vd Walt, Estette Bredenkamp, Annette Coetsee, Bettie Niemand en Dries en Marthie Schutte.

BEDIENINGE VAN HIERDIE WEEK

Vandag
09:30 Oggenderediens
Geen Katkisasie
Tee, koffie, koeldrank en kuier
Kleingroepbediening

AFKONDIGINGS

- Liefdegawe Die Diakonie (Groot boks). (Zapper betaal-metode beskikbaar)
- Gawe by die deure vandag ook vir die Teologiese studentekas (Klein boks).
- Gawes volgende Sondag by die deure vir Christelike onderwys.
- Vrywillige bydrae vir voertuigsekuriteit kan in die bussies gegooi word.
- Diensbeurte: Groep 8 en 9.

KOSTER MET VERLOF

Dawie van Zyl is met verlof van 20 Maart tot 2 April. Kontak die kerkkantoor indien u hulp benodig.

HULPDIENS DEUR EMERITI

Ds. Pieter van der Walt

Ons is dankbaar dat oom Pieter gewillig is om vir nog ‘n jaar te help met hulpdiens in die gemeente en ons waardeer die mooi pastorale werk wat hy onder ons senior lidmate doen en die hulp met prediking wat hy waarneem.

Ds. Daan Bakker

Die kerkraad is baie dankbaar dat ons vanaf 1 Maart ook op formele wyse van die hulpdiens van ds Daan Bakker gebruik kan maak. Hy gaan help met pastorale werk onder ons senior lidmate wat in die verlede deur prof Herrie van Rooy gedoen is. Hy gaan ook weeklikse kort oordenkings saamstel wat per WhatsApp na lidmate gestuur gaan word.

BEDIENINGSHULP DEUR ONS TEOLOGIESE PROFESSORE

Ons is ook baie bevoorreg dat ons van die hulp van ons teologiese professore gebruik kan maak met bediening in die gemeente. Naas Ferreira help by die Bedienings diensgroep en lei ook ‘n kleingroep se Woordbediening. Nico Vorster help met die Woordbediening by ‘n kleingroep. Ferdi Kruger help met die oorhoofste ontwikkeling en groei van ons kleingroepbediening en gaan ook vanaf 7 April ‘n weeklikse Zoombybelstudie vir ons jongmense aanbied.

DS. KOOS MOUTON

Die kerkraad is baie dankbaar dat ds Koos Mouton (emeritus van GK Mooirivier (sedert 2019 onder sorg van GK Potch-Oos)) voltyds betrokke kan wees met hulpdiens in GK Ventersdorp waar hy mooi werk doen om die gemeente op te bou.

VERJAARSDAE

Baie geluk aan almal wat DV hierdie week verjaar!

Sondag, 27 Maart
Br Pierre Viviers

Maandag, 28 Maart
Sr Marthie Schutte *****
Sr Lumé Traut

Dinsdag, 29 Maart
Sr Marthie Andersen
Br Daniel Bloem
Sr Wilma Viviers

Woensdag, 30 Maart
Br Thys Botha
Sr Sonja Olivier
Jsr Nicolize Venter

Donderdag, 31 Maart
Br Eddie Coetsee
Sr Bettie Niemand*****

Saterdag, 2 April
Sr Yolandi Haasbroek

***** Lidmate met spesiale verjaarsdae bo 75 jaar.

GKSA-NUUS

Beroep bedank
Ds GJJ van der Merwe (Giepie) van GK Pretoria-Annlin na GK Wierdapark.

Nood in die Oekraïne
Op 03 Maart 2022 het SDDS in `n skrywe aan u genoem dat ons besluit het om deur Oekraïne Zending van die Gereformeerde Kerken Vrijgemaakt in Nederland hulp te verleen aan noodlydendes in Oekraïne. **Die reaksie wat ons op daardie skrywe ontvang het maak ons nederig dankbaar voor die Here. SDDS kon daarom reeds `n bedrag van R 400 000 aan Oekraïne Zending oorbetaal waarmee hulle basiese middele soos kos, water en medisyne kan aankoop.** Verder vang hulle steeds vlugtelinge op en voorsien aan hulle basiese behoeftes. Intussen moet daar ook voorsiening gemaak word om met `n herbouproses te begin sodra die oorlog verby is. SDDS gaan steeds voort
op deur Oekraïne Zending hulp te verleen aan diegene wat direk deur die oorlog geraak word.

Intussen het SDDS deur die Deputate ekumeniese sake (buitelands) korrespondensie ontvang van die Reformed Presbyterian Church of Central and Eastern Europe (RPCCEE). Die RPCCEE het die Presbyterian Mission Foundation gestig wat ook ten doel het om aan vlugtelinge se basiese
behoeftes te voorsien en voorsiening te maak vir die herbouproses wat na die oorlog gaan volg. Sien hulle brief hieronder.

Waar gemeentes/lidmate dit in hulle harte vind om ‘n bydrae te maak om die nood te verlig, is u welkom om vir Anri Kotzee `n epos stuur by sdds@gksa.co.za sodat sy die regte bankbesonderhede en verwysing vir u kan aanstuur.

Ons het intussen die volgende epos vanaf **ds. Imre uit Hongarye** ontvang in verband met die hulp wat hulle tans bied:

“Thank you for your interest, prayers and willingness to help.

We are doing fine and the Lord is good. He provided everything what we needed and what we could handle. We had enough to cover the immediate needs of the refugees both here in Hungary and in Ukraine. We also have enough to cover these basic needs for the coming two-three weeks. I would call this the first phase. However, we are thinking now on the second phase. It seems that peace is still uncertain. And even if peace is achieved, the country is destroyed. No infrastructure, no jobs, etc. So we will probably need to help those who remain in Hungary (renting homes for them) or want to return to Ukraine to rebuild their lives. Therefore we are setting up a special fund. So we if you can contribute to this fund, it will be much appreciated. Here is the information you need. This is the Foundation of our church (the Presbyterian Mission Foundation), so please send your gift here:

On this end our denomination has an Ukraine Aid-Committee (6 pastors and 3 ruling elders). I am a part of this Committee and we are supervising this project.

Sincerely Yours, Imre”

Die Administratiewe Buro van die GKSA in Potchefstroom het 'n vakature vir 'n REGISTRATEUR VAN DIE TEOLOGIESE SKOOL

Vereistes:
- Sosiale vaardighede vir groepwerk en skakeling met die publiek, studente en kerke.
- Diensingesteldheid.
- Bewese ervaring in kantooradministrasie en/of ander organisatoriese ervaring.
- Sterk organisatoriese vaardighede.
- Vaardigheid in die hou van notule.
- Instaat om met insig selfgedrewe te beplan en te werk, asook doeldatums te haal.
- Aanvoeling vir die organisatoriese opset van die GKSA en die etos van die GKSA in die algemeen. Lidmaatskap van die GKSA word as belangrik beskou.
- Rekenaarvaardig en bedrewe met internet, e-pos, virtuele vergaderings en Microsoft Office-toepassings ("Word, Excel, Powerpoint").
- Vaardigheid in die gebruik van die interne IT-programme van die NWU is 'n sterk aanbeveling.
- Minimum akademiese kwalifikasie van 'n eerste B-graad.
- Goeie taalvaardigheid in Afrikaans en Engels.
- Die geskikte kandidaat sal by voorkeur 'n gevestigde persoon wees wat bereid is tot 'n langtermyn verbintenis.

Vergoeding en ander voordele:
- Markverwante vergoeding is onderhandelbaar.
- Pensioenvoordele
- Toelaag vir medies

Sluitingsdatum vir aansoeke:
11 April 2022 om 10:00.
Indien u nie binne 2 weke na sluitingsdatum vir aansoeke van ons verneem het nie, neem asseblief aan dat u aansoek onsuksesvol was.

Vir kennisname: Hierdie pos is nie aan die NWU gekoppel nie en is die basiese NWU-voordele nie van toepassing vir hierdie pos nie.
Diensaanvaarding: 1 Junie 2022 of so spoedig moontlik daarna.

Navrae: Dr Wymie du Plessis – 083 575 5786.
Skakel asb vir inligting oor vergoeding. CV's: Per hand by: Die Administratiewe Buro, Molenstraat

---

ALGEMENE INLIGTING

LIEFDEGAWES VIR BARMHARTIGHEID (DIAKONIE)

Hierdie QR-simboolkode is gekoppel aan die Diakonie se rekening en slegs bydraes vir Barmhartigheid kan daarmee gemaak word - geen ander betalings aan die Diakonie of kerkraad nie.

KONTAKBESONDERHEDE

Ds. Piet: 018 290 5635 / 082 779 1237
Hulpdiens: Ds. Pieter vd Walt – 082 851 3637
Kerkkantoor: Adele – 018 290 7690 /
082 532 8658
kerkkantoor@oosdoppers.co.za
Koster: Dawie v Zyl – 082 774 7936

BANKBESONDERHEDE

Geref. Kerk Potchefstroom-Oos
ABSA Tjekrek: 670 340 066
Takkode: 335 138

Diakonie
ABSA Tjekrek: 670 280 160
Takkode: 335 138

Susters
Capitec Spaarrek: 145 652 5695
Takkode: 470 010

SUSTERS

PS. 119:105 " U WOORD IS DIE LAMP WAT MY DIE WEG WYS, DIE LIG OP MY PAD."

Susters: Elektroniese inbetalings

Liewe suster, om dit vir jou makliker te maak kan jy gerus hierdie QR-simboolkode vir elektroniese inbetalings aan die Susters gebruik. Dui asb net vir ons aan waarvoor jy bydra: Jaarlikse sustersbydrae / Blikkies-warmharte / Kansa / Donasies.

TEESKINK-GELEENTHEID

Koffie, tee en koeldrank vandag in die Skuur na die oggenddiens. Baie dankie aan groepsusters en hul groepe wat vandag hiermee help:
Nicolette Visser en groep 4, Marijke Faught en groep 12, Mari Steyn en groep 21, asook Marie du Plessis en groep 30.

BLIKKIES-WARMHARTE

Die doel van die blikkies (wat jy in die voorportaal van die kerk kan kry) is dat almal hulle lastige kleingeld in 'n blikkie sal gooi en die vol blikkie dan in die voorportaal van die kerk sal neersit. Die geld word dan gebruik om blomme of iets toepaslik aan te koop vir iemand wat deur beproewing gaan.

Baie dankie vir julle getroue bydraes!

SUSTERSBYDRAE

Die susters se fondse word uit elke suster se vrywillige bydrae (R150 per jaar) verkry, asook uit die fondse wat tydens fondsinsamelingsgeleenthede geïn word. Hierdie geld word gebruik om na minderbevoorregtes uit te reik en daar word jaarliks aan verskillende verdienstelike instansies, donasies gegee.

Dankie vir die susters wat op gereelde basis 'n bydrae vir hierdie werk gee.

DAMESOGGEND: CACHET – SATERDAG 9 APRIL

GK Cachet nooi ons na ‘n Damesoggend, Saterdag 9 April om 10:00.
Spreker/Stilis: Marinda Aucamp
Om Mooi te leef – Kom luister na Marinda se getuienis en ontdek jou persoonlike styl.
Heerlike verversings ingesluit.
R120 p.p.

Skryf asb jou naam op die lys in die voorportaal en betaal so gou moontlik die gelde in. **RSVP voor 31 Maart.**

BAIE DANKIE AAN ONS BORG VAN DIE WEEK!

Potch DRUM SERVICES
DROMDIENSTE

SLEGS R85 P/MAAND
ONLY R85 P/MONTH

TUINVULLIS VERWYDERING
GARDEN REFUSE REMOVAL

Dienste per week sluit in:	Services per week includes
•Leeg maak van drom	•Emptying of drum
•Drie swartsakke	•Three refuse bags
•OF slegs vyf swartsakke (GEEN drom)	•OR five refuse bags only (NO drum)
PENSIONARISSE	**PENSIONERS**
25% afslag!!	25% discount!!

MARINUS 071 369 7866